# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*

10 Mei 2026



041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325

## Spesiale Welkom aan elke Ma, Ouma & Moederfiguur in Hoogland ...




As jy vandag vir die eerste keer by Hoogland inskakel of sommer net saam kuier wil die leraar(s) jou graag ontmoet - kom maak asb. kennis na afloop van die erediens, by die *Info@PEHoogland*-tafel in die Voorportaal. Die dame daar sal jou besonderhede neem en deurgee na die Kerkkantoor.

Nuwe lidmate kontak gerus vir Annalize in die kerkkantoor (of besoek @ www.pehoogland.co.za) sodat Hoogland jou besonderhede kan kry. Neem gerus ook 'n "Nuwe Intrekkers" koevert in die brosjure vakkies.



## Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Sunell Ribbens
10:00 GVG in hulle onderskeie lokale

*Deurkollekte: Sin. Vroubediening*
*(...ter ondersteuning van opheffingswerk onder vroue en ook 'n sorgsentrum vir verkragtingslagoffers.)*

## Algemeen

### Program vir die week:

**Dinsdag: 12 Mei**
11:00 Gebedsaksie in die Kapel
18:00 *Divorce Care*

**Woensdag: 13 Mei**
08:45 B/fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

**Donderdag: 14 Mei**
Hemelvaartdiens
16:30 B'fontein Kapel
18:30 Kerkgebou

**Vrydag: 15 Mei**
05:15 Mannebediening

**Saterdag: 16 Mei**
10:00 Dorings & Daisies

Snap here to pay
SnapScan

**Bankbesonderhede**
NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Zapper






# Pinkster 2026 ... Deel van 'n storie

Ek het een keer in my lewe die *Two Oceans* Ultra Marathon gehardloop (en nooit weer nie!). Na 42km was ek klaar: my bene wou nie meer nie, my voete het gebrand en my hele lyf voel of dit in 'n muur vas gehardloop het.

Daar was twee veteraan-hardlopers saam met wie ek geoefen het in die aanloop tot die *Two Oceans*. Hulle het heel pad by my gebly, moed in gepraat, my net laat kyk tot by die volgende lamppaal / boom / waterpunt en dan weer die volgende paar tree.

Die laaste klompie kilometers het die mense langs die pad seker gesien ek trek swaar. Op 'n stadium hoor ek: "Amper daar, Pieter! Vasbyt!" Dit was nie my mense nie en vir 'n oomblik weet ek nie wie dit was nie. Ek hoor weer my naam: "Looking good, Pieter." ("*Yeah right*," het ek gedink!) Toe onthou ek dat my naam onder my hardloopnommer op my bors is.

Met JC en Benita se aanmoediging langs my en die mense langs die pad wat skree en fluit en aanmoedig, het ek *well in time* klaargemaak. Nie omdat die roete makliker geraak het nie, maar omdat ek nie alleen was nie.

Ons het mense nodig wat ons aanmoedig en soms ook verantwoordbaar hou. Iemand wat jou naam roep en sê: "Hou aan." "Amper daar." Dit geld op die sportveld, maar ook vir die kind wat leer lees en iemand nodig het wat sê: "Jy kan dit doen." Dit geld vir 'n tiener wat probeer inpas en iemand nodig het wat langs hom of haar staan. Dit geld vir 'n ouer wat moeg raak en iemand nodig het wat net sê: "Hou aan, jy doen goed." Dit geld vir iemand by die werk wat onder druk is en iemand nodig het wat in hulle glo. Én dit geld wanneer jy probeer om 'n gewoonte aan of af te leer. **Die mense rondom ons maak saak.**

Ook in ons geloof is dit waar. Hebreërs 12 praat van 'n "wolk van getuies": lewens wat getuig dat God werklik in gewone mense se lewe werk. Hulle is nie helde wat aandag en *fame* vra nie, maar stories wat wys dat God getrou is.

Tydens Pinkster hoor ons Bybelstories wat vertel dat God getrou is in gewone mense se stories, jou storie. Ons hoor ook getuienisse van mense rondom ons wat hulle storie kom vertel en so vir óns aanmoedig, bemoedig en ons help om die oog op Jesus gevestig te hou.

**Jy is genooi na Pinkster 2026, want jy is immers deel van die storie. Dit is die storie van Pinkster @ Hoogland.**

# Uit die hart ... Wat is 'n Ma?

(So ietsie van uit die oog van 'n kind)

Ma's is baie mooi. Hulle kleur hulle gesigte in. Ma's lees vir mens stories.

Ma's kan goed sien, as jy klaar gebad het sien hulle dis nog vuil agter jou ore. As jy stout is sien hulle deur 'n muur en vra wat jy alweer doen. Hulle maak groente vir kos en ons kry lekker poeding as ons alles opeet.

Ma's moet baie slim wees, want ons juffrouens gee vir ons huiswerk dan doen ons ma's dit.

Ma's vat kinders skool toe en soen hulle voor ander kinders en tannies. Ma's is altyd laat en hulle kinders moet gou maak.

As jy siek is pas Ma's jou op.

Ma's het baie geld vir tamatiesous, *peanutbutter*, seep en tandepasta, koffie en als, maar net bietjie geld vir *sweets*.

Ma's hou van winkels waar mens net 'n papiertjie teken, want dan hoef jy nie te betaal nie.

Ma's sê altyd hulle is vet as hulle ou klere aantrek, nuwe klere pas net reg en dan is hulle maer.

Ma's is baie versigtig. Hulle sê altyd pasop vir die karre en sluit al die deure.

Hulle is bang vir krieke en jaag die hond van die bed af.

Ma's is baie fluks. Hulle praat lank op die foon, lees boek en kyk *Days of our lives* op TV en dan maak hulle vinnig kos voordat Pa's kom.

Ma's gaan eendag hemel toe want hulle bid baie en ken alles van Liewe Jesus.

Dankie vir elke mamma, geniet Moedersdag.

**Ds Sunell**


RAINFOREST
FALLS
AVONTUURWEEK
is TERUG
@HOOGLAND
6 - 10 JULIE
8:00 - 13:00
INSKRYWINGSFOOIE =
R250 PER KIND
HOU GEMEENTE
WHATSAPP & SOSIALE MEDIA
DOP VIR INSKRYWINGS SKAKEL.
NAVRA WHATSAPP LEANDRA 079 815 9325.
KAN NIE WAG VIR HIERDIE JAAR SE
AVONTURE SAAM MET JOU NIE! ♡